

- 5.3 Dui aan op watter plek (G, H of I) swaar reën mees waarskynlik sal voorkom.
6. Kyk na die klimaatgrafiek van Mthatha in Figuur 2.2 hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.
- 
- Figuur 2.2: Klimaatgrafiek van Mthatha
- 6.1 Wat is die warmste maand in Mthatha? (2)
- 6.2 Identifiseer die gemiddelde jaarlikse temperatuur in Mthatha. (2)
- 6.3 Noem die natste maand. (2)
- 6.4 Noem die seisoen waartydens die meeste reën val. (2)
- 6.5 Wat is die gemiddelde temperatuur in Julie? (2)
7. Sê waar hierdie klimaatstreke is in Suid-Afrika. Gee 'n kompasrigting, soos byvoorbeeld NW. (2)
- 7.1 Woestyn (2)
- 7.2 Subtropiese laeveld (2)
8. Beskryf een opsig waarin die klimaat van die Sahara-woestyn en die Antarktiese woestyn soortgelyk is, en twee opsigte waarin hulle verskil. (3 x 2 = 6)
9. Skryf hierdie sinne oor deur gebruik te maak van die korrekte woorde uit die keuses wat voorsien word. (7 x 2 = 14)
- 9.1 Die tropiese reënwoudklimaat het 'n gemiddelde temperatuur van (23 °C/27 °C/31 °C) en 'n neerslag van (1 200 mm/1 800 mm/2 000 mm) per jaar, meestal in die vorm van (reën/ysreën/sneeu).
- 9.2 In die vastelandse klimaat van Noord-Amerika en Eurasië is daar (groot/gematigde/lae) verskille in temperatuur tussen somer en winter. Dit het 'n neerslag van ongeveer (250 mm/500 mm/2 000 mm).
- 9.3 Die Mediterreneense klimaat van die Suidwes-Kaap van Suid-Afrika en Australië het winters wat (warm en droog/koel en droog/koel en nat) is en somers wat (warm en droog/koel en droog/koel en nat) is.